


'n Kykie in die lewe van ons

Moeder, en Ouma



CATHARINA MAGDALENA DE BEER


(Geb. Vorster)



H

eer maak my 'n instrument van U vrede;
waar daar haat is laat my Liefde saai,
waar daar twyfel is, hoop,
waar daar duisternis is, lig,
en waar daar droefheid is, vreugde.

2 Oktober 1899.



Met die uitbreek van die Engelse-Boere oorlog, het ons op 'n plaas "Kleinfontein", in die Colesbergse distrik gewoon. Ons eerste kennismaking met die oorlog was toe 'n patrollie Boere en Engelse so omtrent 'n myl van ons huis slaags geraak het. Ons kon duidelik sien hoe een van die Boere se perd onder hom doodgeskiet word, maar hoe hy ongedeerd op 'n handperd spring. Die geveggie was gou oor, want die paar Boere was in die minderheid en moes wegjaag.

Eenoggend vroeg sien ons 'n groot Engelse troepe-mag aankom. Ons het hulle beangs dopgehou toe ons merk dat hulle reguit na die opstal kom. By hul aankoms het die soldate dadelik begin plunder onder ons hoenders, eende en kalkoene. Die pragtige vroeë groenmielies word sommer afgestroop en oral begin hulle vuurtjies aansteek om die vangste gaar te maak. 'n Paar offisiere kom toe na die huis en dit word van hoek tot kant geviseenteer - kamtig op soek na Boere en wapens. Ons kinders het baie benoud al om Moeder gedraai. Dit moes vir ons ouers baie hartseer gekos het om te aanskou hoe alles verniel word waaraan hulle so swaar gewerk het.

Die offisiere beveel toe my ouers om alles wat hulle sou nodig hê, op 'n wa te laai, want ons moes na die naburige plaas "Brandwag" van Mnr. Johannes van Rensburg verhuis. Die Engelse wou hul hoofkwartiere op ons werf en in die huis maak. Moeder kry toe darem toestemming om van haar waardevolste goed wat sy nie wou saamneem nie, in 'n kamer toe te sluit. Dit was 'n haastige pakkery so onder al die geraas en gewoel van die Engelse deur.

Treurig en beangs is ons toe daar weg met die paar goedjies op die wa. Selfs ek as kind van 7 jaar, het telkemale bedroef omgekyk na ons huis en die plaas wat ons sommer so moes verlaat.



Dit was ook die laaste keer dat ek die plaas gesien het. Ek onthou nog al ons speelplekkies, in my verbeelding sien ek nog ons skoppelmaai onder die wilgerbome by die damwal. Die klein dammetjie naby die huis waar ons somtyds die brulpaddas geterg het. Ook die ou groot klip onder my Moeder-hulle se kamervenster waarop my sustertjie en ek geknield het om te bid tydens 'n groot droogte.

Die Van Rensburgs op die buurplaas, het gelukkig 'n leë huis gehad waarin ons kon bly. Dit was maar klein en ons moes baie beknop lewe.

Eenoggend vroeg kom daar 'n klompie Engelse soldate aan en arresteer ons Vader en neem hom na hul hoofkwartiere. Ons het vreeslik gehuil toe hulle so met hom wegry, ons het gemeen nou gaan hulle hom doodskiet. Laat daardie aand was die vreugde groot toe Vader weer by die huis opdaag. Hy vertel toe dat hy gearresteer was op 'n klag dat hy voer en ammunisie aan die Boere sou verskaf het. Gelukkig vir hom het die offisier darem ingesien dat hy nie skuldig was nie en hom laat gaan. Hy mag nou nie meer ērens heengaan nie, net op sy werf bly. As Moeder iets sou nodig hê, moes sy self dorp toe gaan. Vader vertel toe ook dat die kamer waarin Moeder haar goedjies toegesluit het, oopgebreek was en alles lê rondgestrooi. Haar harmonium lê glad buite in die tuin.

Net daarna is Moeder en van die ouer susters toe na ons plaas om van die koring te gaan haal wat in die skuur gestoor was. Daar aangekom was hul onsteltenis groot om te sien dat die sakke koring na buite gesleep was, oopgesny en aan die brand gesteek was. Moeder en die susters begin toe maar om te red wat hul kon van die eens gestoorde goed wat nou so rondgelê het.






In die wyl dat hulle begin oplaai, het my suster Miemie buite op die harmonium begin speel. Sy het begin met "My Bonnie lies over the ocean" - en niks anders weer nie. Toe die Kakies haar hoor, storm hulle op haar af en sy moes aanhou met die een deuntjie tot vervelens toe. As sy ophou, sit 'n soldaat net 'n trippens neer en dan begin sy maar weer. So het sy heelparty trippense ryker geword die dag. Die arme Engelse seuns het seker ook maar huis-toe verlang!

Toe my ouers 'n rukkie daarna hoor hoe die Engelse begin huise afbrand en die mense in konsentrasiekampe stop, en van die haglike omstandighede daar, besluit hulle om maar liewer te vlug na die Noorde. Vader het 'n vol van die nodige gelaai en twee outas daarmee vooruit gestuur. Ons het met twee perdekarre gevolg. Ons sou weer by Norvalspont by die wa aansluit. Maar ons het die wa en outas nooit weer gesien nie. Na die oorlog het Vader 'n ander jong op Colesberg met ons wa gesien, en toe hy hom daarna vra, vertel die jong dat hy die wa by iemand gekoop het.

Op 28 Februarie 1900, is ons van Norvalspont af met die trein verder na Bloemfontein, waar ons die 2e Maart aangekom het.

My Vader wat nie by die Boere-kommandos kon aansluit weens sy doofheid nie, het toe darem daarin geslaag om by Bloemfontein by 'n kommando aan te sluit.

In Bloemfontein verneem ons toe eendag dat daar die aand 'n laaste trein na die Transvaal sou vertrek. Dit was 'n gemengde trein en ons kry toe plek in 'n oop trok. Die nag moes ons in die trein op die stasie slaap, want niemand het geweet presies hoe laat dit sou vertrek nie. Moeder is darem gehelp deur gewillige hande, aangesien Vader toe mos op Kommando was. Sy het nie geweet wanneer ons hom weer eendag sou sien nie.





Die reis op die oop trok was maar baie onaangenaam. Toe ons op Kroonstad kom, was die twee boeties al net baie honger en het jammerlik gehuil oor kos. Moeder had nog net uitgedroogde beskuit by haar. Toe een van die stasiebeamptes verneem waarom die kleintjies so huil, sê hy vir Moeder sy kan melk by sy huis laat haal. My twee oudste susters is toe weg met 'n emmertjie. Met hul terugkeer, sien hulle die trein beweeg en hulle dink toe die trein gaan vir hulle wegry. Hulle begin toe hardloop en met dié het byna al die kosbare melk uitgestort. Die trein het toe al die tyd net gerangeer.

Op die 14e Maart het ons in Pretoria aangekom. Daar het ons Vader weer by ons aangesluit. Hy vertel toe dat hy een nag byna deur sy eie mense doodgeskiet was. Hy het afgedwaal en toe daar op hom geroep word om die wagwoord te gee, hoor hy nie, en wou hulle glo net skiet. Gelukkig was daar iemand wat toe onthou van die dowe persoon in hulle groep. Hy is toe maar liewer teruggestuur omdat dit te gevaaarlik was om hom daar te hou.

In die twee maande wat ons in Pretoria gebly het, het ons dikwels voor President Paul Kruger se huis verbygeloop. Ons het hom baiekeer op die stoep gesien op 'n stoel met sy langsteelpyp. Die wagte wat voor sy huis op en af gestap het, was vir ons as kinders baie mooier as die kwaai ou Oom wat daar sit.

Ons moes 'n ver ent na die skool toe stap en was altyd so bang as ons by die Chinese winkels verbygaan. Ons was bang gemaak met die storie dat die Chinese kinders vang en eet!

Toe kom die tyding dat die Engelse na Pretoria opruk. Dit was in Mei 1900 en toe was dit maar weer verder vlug om nie in die kampe te beland nie.





Van Pretoria af is ons gesin en andere weer met ossewaens na Machadodorp en het omtrent die 18e Junie in Lydenburg aangekom. Vandaar is ons verder met die trein na Lourenco Marques. Een nag het ons trein teen 'n stilstaande goedere trein vasgeloop. Ons is almal van die slaapbanke afgestamp, dog niemand was beseer nie. Baie van die diere op die ander trein was erg beseer. Die geluide van die diere was aaklig om aan te hoor. Daar is toe groot vure die nag gemaak en daar moes die klompies famielies toe die nag deurbring. Die jakkalse se geskree en die donker bosse om ons, het ons kinders maar baie benoud teenaan ons ouers laat skuil.

Die volgende dag is ons verder en eindelik was ons oor die grens in Portugees Oos Afrika. Veilige hawe! Dit was al sterk skemer toe ons die aand van 23 September 1900 by Lourenco Marques-stasie instoom. Dit het effens gerêën en daar ons wa baie ver van die platform gestaan het, was die ander reisigers al weg na die ou polisiekamp waar die tydelike huisvesting vir die vlugtelinge was, toe ons by die stasiegebou kom. Vader, Moeder en 6 kinders, daar staan ons toe. Dit moes seker 'n baie patetiese groepie gelyk het. Ons verstaan niemand nie, en niemand verstaan ons nie. Eindelik daag daar toe iemand op om ons na die kamp te neem. Ons moet daarheen loop en dit was al 10 uur in die aand! Die twee boeties was al net honger, moeg en vaak. Terwyl ons die straat so afstap, hou daar 'n riksja langs ons stil. Die man en vrou daarin begin toe sommer ons kinders in te tel. Ons begeleider sê toe dit lyk of die mense ons wil help, maar ons sal mekaar nie kan verstaan nie. Toe antwoord die vrou in Afrikaans dat hulle ons almal na hulle huis wil neem. Sy was toe altyd 'n Afrikaanse meisie uit Transvaal wat met 'n Portugees getroud was. Hy was die leier van die Portugese polisie-orkes.





Hoe heerlik het ons nie daardie aand, en die vyf maande wat gevolg het, ons gekoester in hul vriendelikheid en gasvryheid nie. My ouers het toe 'n paar stoepkamers by hulle gehuur. Saans as ons op die stoep sit, was dit vir ons soos 'n towerland om al die liggies te sien skitter en veral oor die baai. Daar het ons byna almal tegelyk malaria opgedoen. Aunt Mary, soos ons ons liewe gasvrou genoem het, het liefdevol gehelp om ons siek huisgesin te verpleeg. Ons was baie bevoorreg bo ons ander landgenote. Ons het in 'n heerlike koel huis gewoon waar hulle in warm sinkkamers gehuisves was.

Een namiddag gewaar ons 'n boom vol geel vrugte wat netsoos appelkose lyk. Ons eet te heerlik daaraan en neem ook huistoe daarvan. Selfs Aunt Mary het heerlik daaraan gesmul. Toe ons later die aand een na die ander siek word, besef ons die vrugte moes seker giftig gewees het. Aunt Mary en 'n ouer suster van ons wat nie so erg siek was nie, is toe daar weg met die riksja om die dokter te gaan haal. Die gif was gelukkig gou uitgedryf, maar 'n paar van ons was die volgende dag nog baie siek.

Terwyl ons daar gebly het, is ons baba-sussie gebore. Aunt Mary-hulle het nie kinders van hul eie gehad nie, en was baie opgewonde oor die baba. Sy was toe ook na hulle vernoom. Haar naam was Doris Maria d'Azinhoes.

Toe eensklaps kom die ultimatum! Die Portugese regering moes die Boere of uitlewer aan die Engelse, of ons moes die land verlaat! Daar was omtrent 300 bannelinge in Lourenco Marques, en daar word besluit dat ons liever sal padgee as om in die konsentrasiekampe opgesluit te word.

Op 20 Februarie 1901 het ons toe na Portugal vertrek met 'n Portugese skip - die Zairi. Die seereis was baie onstuimig. By dit alles kon ons nie gewoond raak aan die olierige kos van die Portugese nie en het siek geword daarvan.





Baie van ons het weer siek geword aan die koors ook, en Vader was sommer baie ernstig siek. Een van die Portugese bemanning het hom soms kom help oppas, en as Vader so in sy koordsdrome yl en roep, dan sê die man net elke keer „Ja Oem”; seker al Afrikaans wat hy magtig was. Dit het ons as kinders baie snaaks gevind. Ons het op die reis ook die berg Vesuvius aanskou wat 'n groot indruk op ons gemaak het. 'n Paar dae voor ons by Lisabon aangekom het, het ons baba-sussie gesterwe. Moeder was ook in die tyd siek en kon nie eet en kon ook nie die baba voed nie, en ons sussie het feitlik van honger gesterf. Die nag om 12 uur is haar lykie deur 'n luik in die see gelaat. Ons arme Moeder moes al die smart alleen deurmaak omdat Vader nog steeds deurmekaar was van die koors.

Op 3 April 1901 het die Zairi in Lisabon aangekom. Ons kon egter nie die skip verlaat voor die 6de nie.

Daar het hulle Vader na 'n hospitaal geneem aangesien hy nog baie siek was. Ons is toe met die trein verder gestuur na Caldas da Rainha. Van die stasie af, is die bannelinge met perdekarre na sale geneem waar hulle moes woon. Oral langs die strate was dit gepak van mense. Die Portugese vrouens het gehuil, andere het blomme na ons gegooi, alles om so hul simpatie te bewys aan die arme bannelinge. Die sale was ingerig met rye enkelbeddens, netsoos in hospitale. Elke huisgesin kry dan soveel beddens as wat hy huisgenote het. Die mans was almal bymekaar in ander sale gehuisves. Daar is ook weer so een na die ander van ons hospitaal toe met die koors.

Na 'n tydjie het Vader spekvet teruggekom van die hospitaal. Hy het toe vir ons ook 'n huisie gehuur om in te bly soos baie ander huisgesinne reeds gedoen het.

Ons kinders kon naderhand al net skaaflik Portugees praat.






Twee Hollanders het vir ons kom skoolhou. In die boek „Donkere Wolke” geskryf deur Paula, is daar 'n foto van 'n groep skoolkinders van die bannelinge waarop twee van my susters (Johanna en Miemie) en ook ek verskyn. Die Hollanders het 'n pragtige afgerigte koor gehad met die jongmense.

My boetie Charel wat jonger was as ek, het toe siek geword nadat ons ander almal gesond was. Hy is later in ons huis oorlede, veertien dae voor sy 7de verjaarsdag. (Oorlede: 16 Aug. 1901). Ons het nog 'n pragtige foto van hom wat toe geneem was. Die sleutel van sy kissie - al baie geroes - is nog in die famielie. Ons het ook nog 'n afdruk van die „Begrafnis Lyst” met die name van 125 bannelinge wat sy begrafnis bygewoon het. Daar is vandag 'n standbeeld in - ek meen in Caldas da Rainha - die dorpie met die name van al die bannelinge wat daar begrawe is. Ons broertjie se naam is ook daarop.

Ons as kinders kon ons verkyk aan al die baie dinge. Daar was die dansende bere, die apie wat met sy rooipop kollekteer, die vissersvroue, die donkies met twee mandjies oor die rug geslinger - in een miskien 'n baba en aan die ander kant groente of hoenders. Dit alles was vir ons baie mooi.

Ons was eenkeer saam met Portugese in hul kerk met 'n doopgeleenheid. Daar word sommer 'n bakkie vol water oor die baba se kop omgekeer. Daar het ons ook 'n groot beeld van die Here gesien, waar Hy gekniel staan om die Kruis op te neem. Die beeld se voet was al heeltemal uitgeholt soos elkeen wat inkom, dit soen.

Die aardigste vir ons was die baie bedelaars en gebreklikes wat voor die kerke gelê of gesit het. Veral Saterdae was hulle daar in hul tientalle.





Kersies en kastaiings was volop. Ons koop gewoonlik op die mark kersies vir 5 reis en dan hou ons sommer ons voorskootjies bak en hulle gooï dit dan daarin. Eenkeer koop ons weer en daar naby staan 'n konstabel en met sy groot hande skep hy sommer nog 'n klomp vir ons in. Hy was blybaar baie jammer vir die „poor refugees".

Een dag word ons aangenaam verras deur die komste van Aunt Mary en haar man. Hulle moes vir sake Portugal toe kom, en hulle het spesiaal na ons dorpie gekom om ons op te soek. Die Sondag nooi hulle ons uit om by hulle in die hotel te kom eet. Ons ouers kon nie gaan nie, maar ons kinders het gegaan. Hulle het 'n Bantoe-seuntjie groot gemaak en die klein bog sit toe ook aan die tafel. Gelukkig vir ons was dit 'n taamlike lang tafel en sit ons toe nie langs hom nie. My suster en ek het maar taamlik vies vir die spul elke keer teen mekaar gestamp om so ons misnoë te kenne te gee.

Die een Kersfees van 1901 wat ons in Portugal moes vier, het die Hollanders vir ons baie aangenaam probeer maak. Hulle het kaste met klere aangestuur vir die bannelinge en 'n groot maaltyd klaargemaak. Vir elkeen van ons is 'n medalje gegee as aandenking, met die beeld van President Paul Kruger daarop.

Op 'n ander tyd het hulle weer vir ons kinders uitstappies na die strand gereel onder toesig van ons onderwysers.

Ons was ook saam na 'n stiergeveg, maar het nikks daarvan gehou om die gemartelde diere met pyle te aanskou nie.

Die Portugese het gereeld een of ander fees gevier. Voor aan hul optogte was groot beelde van die Heer en Maria en almal val dan op hul knieë voor die beelde. Ons ouers het ons gedurig gewaarsku om dit nie te doen nie. Die welriekende bomme wat hulle somtyds in die aand in die strate aan die brand gesteek het, was vir ons te fraai.





Selfs as kind het dit my opgeval dat daar byna nie oop veld was om te sien nie. Dit was alles bewerkte grond, met een wingerd na die ander. Daar het ons ook 'n pottebakkerij gaan besoek. Een vertrek wat ek goed onthou was groot beeld in wat 'n voorstelling was van Jesus in die tuin van Getsemene met sy disiepels om Hom. En Judas wat vooroor buk om Hom te kus, met die soldate agter hom.

31 Mei 1902.

Wat 'n gejuig was daar toe die tyding van VREDE kom. Almal was nou haastig huistoe. Met 'n Engelse skip het ons terugreis langs die Weskus af, begin op 19 Julie 1902. Dit was 'n aangename reis. Almal het heerlik ontspan met speletjies op dek, gebaljaar in 'n groot seil wat gespan is met water daarin. Die see was ook baie stil. Toe ons naby die Kaap kom, was daar eendag groot opwinding toe iemand skreeu - man oorboord! Daar is dadelik 'n reddingsgordel afgegooi en die skip het 'n ent teruggevaar, maar niemand is gevind nie. Eers die aand is iemand vermis toe hy gesoek word om op diens te gaan.

Op die 4e Augustus het die skip by Kaapstad aangekom. Die mans is almal Simonstad toe gestuur na 'n kamp. Die vrouens is verder saam met die skip tot by Port Elizabeth en het die 7de daar aangekom. Die skip kon nie daar vasmeer nie, en die arme vrouens moes met toulere langs die kant afklim en land toe geroei word in klein bootjies. Baie beangste oomblikke is deurgemaak met die aanskoue van die skommelende bootjie daar ver onder op die ewe skommelende water.

Dit was wel vrede, maar ons moes vir 20 dae na 'n vrouekamp daar naby gaan. Daar het ons baie gehoor van al die groot dinge wat Emily Hobhouse gedoen het en van haar opofferende liefde aan die Boere-nasie.



Eindelik het die dag aangebreek dat ons kon huistoe. Huis toe? Ons is na ons dorp Colesberg met die hoop om weer 'n nuwe tuiste te vind. Die reis wat op 27 Augustus van Port Elizabeth begin het, was baie afmattend en daar was geen geriewe op die trein nie. Ons padkos was 'n hopbroodjie, 'n blikkie soutvleis en 'n blikkie melk. Ons het die 30ste daar aangekom. Gelukkig was Vader se suster op Colesberg tuis en kon ons die aand heerlik by haar eet. Sy vertel ons toe dat Vader en al die ander mans al terug is, maar dat hulle almal in die tronk is. Sy het gereeld vir hom kos tronk toe gestuur. Toe die meidjie die volgendeoggend Vader se kos vir hom neem, is my sussie en ek saam met haar. Dit was heerlik om weer vir Vader te sien, maar ons kon nie verstaan hoekom hy in 'n tronk moes wees nie; hy was mos nie 'n moordenaar of dief nie!

Moeder het toe vir ons 'n paar kamers gehuur en sy en die twee oudste susters (Sannie en Johanna) het naaldwerk ingeneem om ons aan die lewe te hou.

Na 'n paar maande in die tronk, is die mans so een na die ander vrygelaat. Vader het toe darem £200 vergoeding gekry vir skado gely deur die oorlog.

Vader het toe vir ons 'n huis gekry en een van die susters is na die plaas om te sien of sy nog van ons meubels daar kon kry. Daar het sy nog 'n paar stukke huisraad as ons en uitgewys on die bewoners het dit aan haar afgestaan.

Ons ouers moes toe weer van vooraf hard swoeg, nag en dag, om te verseker dat ons huisgesin weer 'n ordentlike bestaan kon maak. Deur al die smarte en swaarkry kon niemand 'n vinger na hulle wys nie.

Ons Moeder is in 1910 oorlede in die ouderdom van 45 jaar. Sy was so jonk nog in jare, maar oud deur smart en lyding en seker die verlange na 'n graffie ver oor die see en 'n lykie in die see.



Caldas da Rainha. 17 Augustus.

Begrafenis Lyst.

van

CHAREL JACOB VORSTER.

Het heeft den HEERE van Hemel en Aarde behaagt om uit ons midden tot zich te roepen ons teedergeliefd zoontje Charel Jacob Vorster, die nu veilig ruste in de schoot van Abraham met de jeugdige ouderdom van 6 jaar 11 maanden en 25 dagen. Hij is geboren op den 22.Augustus 1894. te Colesberg C.C. En is overleden op den 16.Augustus 1901, te Caldas da Rainha Portugal, Met de Lijksrede werdt gezongen Psalm 103.vs.8.gelezen 2.Cor.5. van vs. 1. tot 10. daarna werdt gesongen Gez.20.vs.1.en 8. Na het afloop van alles werdt gezongen gez.182.vs.1, en 4, Dan willen wij Gode zwijgen en de liefde hand des Heeren kussen, En met Job, leere uitroepen de HEERE heeft gegeven de HEERE heeft genomen de naam des HEEREN zij geloofd

TEGENWOORDIG WAREN.

Familieleden.

Charel Jacob Vorster
Magaretha Vorster
Susana v.d. Waldt
Johanna v.d. Waldt
Micmie Vorster
Caterina Vorster
Lodewyk Vorster




Dragers.

B Swart
J Swart
M J J Dreyer
John.P.J. van Vuuren

VRIENDEN TEGENWOORDIG.

W Geerling	J Eaton	S de klerk	J Naude	J Potgieter
J Marais	M Eaton	L J de klerk	M Nomie	M Potgieter
A de Villiers	G Fourie	L de kok	J Nell	H Potgieter
P de kok	M Vinner	J P de klerk	J Oosthuizen	G du Plessis
J van Aardt	F Greeff	L S de klerk	Oosthuizen	A Piernaar
C Britz	C Greeff	F kluin	Oosthuizen	H Pieterse
P Britz	E Gerritsen	W de klerk	J van Oyen	S du Plessis
B Booysen	J Gerritsen	J de klerk	R de Ouden	P Pretorius
C Belling	P Greeff	C Lombard	D Pelser	J Pretorius
O Belling	M Greeff	M Lombard	Pelser	C Papenfus
E Brimmer	P Jooste	E Lee	H Pelser	A Piernaar
C Brimmer	E Joubert	H Mulder	S Pelser	P Riekert
J Bosch	C kruger	S Mulder	C Pieterse	M Reineke
N de Bruin	A kruger	A Naasland	H Pieterse	P Raath
H Caminha	Johanna Dreyer	C Maritz	N Potgieter	B S Raath
H Dreyer	Diftendal	H Maritz	H Potgieter	D Leroex
L Dreyer	A Erasmus	J Moodie	S Potgieter	C Subki
Ellen Swanton	M Swart	J Ungerec	J Verwey	J de Wet
S Steyn	B Swart	H Veldtman	C v d Waldt	E Webster
H Steyn	A Swart	M Veldtman	H v d Waldt	C Webster
J Steyn	D de Toit	J de Villiers	P Willemse	M Webster
M Steyn	H de Toit	P v d West-	S Willemse	
A Subki	M Theron	huizen	J Wessels	
J Swart	F Theron	S v d West-	E Wessels	F kluin
S Swart	G Tröger	huizen	C de Wet	Coster
H de Toit	J Theron	S Theron	C Theron	S Ungerec



Ouma Kitty vervolg:

Ma Moeder se dood trou Vader
Weer , met 'n weduwee

LOMBARD, Maria M (1873)

Haar kinders: Hettie 1894
Hendrik 1896
Sarie 1897
Willie 1900
Wiesie 1905

Hulle kinders : Hettie 1913
Charles 1915
Lena 1917



Randburg, 1958. Agterste ry vlnr:

Boy Crous, Zach de Beer, Ben Jordaan, Freddie Schickerling, Koos de Beer, Boet (Charl) de Beer, Meyer de Beer

3e ry vlnr:

Miemie Crous, Calie de Beer, Willa Jordaan, Rina Schickerling met Charel Schickerling, Elise de Beer, Gretha de Beer, Ina de Beer, Hanna de Beer

2e ry vlnr:

Niel Jordaan, André de Beer, Henry Schickerling, Ouma Ktty de Beer met Du Toit de Beer, Oupa Zack de Beer met Elma de Beer, Shani de Beer, Rina en Petro Jordaan, Charline de Beer

1e ry vlnr:

Adré de Beer, Frikkie Schickerling, Zackie Schickerling, André de Beer, Andrie Jordaan, Chris Jordaan, Carl de Beer, Leon de Beer, Johan Jordaan